# JEUGLES: Laat jou Liggie skyn 2
# Hoe lyk my lewe as ek in die lig lewe?

1. **PRAISE EN WORSHIP**

2. **YSBREKER**: narrow road
   - Lê vir elke groep 'n pad uit
   - Gebruik isolation tape om pad mee te maak
   - Op die pad sit jy obstacles soos 'n stoel, goed om oor en onder deur te klim
   - Die 'trick' is dat jou een voet ALTYD op die pad moet wees, daar mag nooit 'n tyd wees dat een voet nie op
     die pad is nie.

3. **PROCESS die ysbreker**:

4. **Inleiding**:

   **Lees 1 Joh 1:5-6**: "God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. As ons beweer da tons aan Hom deel het, en ons lewe in die duistenis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie."

5. **Kom ons raak prakties**:
   - Geen vir elke groep 'n stuk karton en 'n koukie
   - Laat hulle dit in 2 deel, deur 'n lyn in die middel af te trek
   - Aan die een kant skryf hulle: "lewe in die lig" en aan die ander kan "lewe in die donkerte/duisternis"
   - Elke groep skryf soveel voorbeelde as waaraan hulle kan dink van elk neer
   - As hulle klaar is deel ons dit met mekaar en maak een groot lys daarvan

   - **Lees Matt 5:14**: Jesus sê: "Julle is die lig vir die wêreld"

   - Wat bedoel Jesus wanneer Hy dit sê?
   - Dat ons so moet leef, dat ons lewens soos 'n lig is, wat ander mense na Jesus toe lei
   - Dat jou lig so moet skyn, dat hulle Jesus se liefde en Sy lig deur jou kan sien in die manier hoe jy leef
   - Dat jy anders as die wêreld moet lyk
   - Dat jy anders as die wêreld moet leef.

6. **TONEELSTUK**:
   - laat 2 groepe saamwerk en 'n kort toneeltjie uitwerk en opvoer van hoe dit sal lyk as jy jou lig laat skyn
   - wanneer almal klaar is kom bymekaar in die kerk en laat hulle dit opvoer.

7. **AFSLUITING**:

   Dit kan soms moeilik wees om jou lig te laat skyn. Jy mag dalk die enigste Christen in 'n groep wees,wat vir die ander die lig kan wees. Die ander spot jou dalk omdat jy nie wil doen en wees wat hulle is nie, maar dis ons opdrag as Ligdraers - as Christene – om anders te wees, om uit te staan, en nie deel te raak van die wêreld se manier van leef nie, want DIT maak die lig dood, en dan leef jy in donkerte/duisternis.